

Republikein

Jou land. Jou taal. Jou koerant.

- [TUISBLAD](#)
- [OMGEWING](#)
- PAS IN: NATUURBEAMPTE VAS OOR BEWEERDE STROPING



Foto Verskaf

- [OMGEWING](#)

PAS IN: NATUURBEAMPTTE VAS OOR BEWEERDE STROPING

Ellanie Smit

- 1 UUR GELEDE - - 2023-02-09 14:11:00

‘n Beampte van die ministerie van omgewing en toerisme en nóg drie verdagtes is in hegtenis geneem ná hulle vermoedelik ‘n blouwildebees onwettig in die Daan Viljoenpark naby Windhoek gejag het.

Die woordvoerder van die ministerie, Romeo Muyunda, sê die arrestasies het Dinsdag by die padblokkade tussen Daan Viljoen geskied.

“Die ministerie veroordeel die voorval, veral vanweë die beweerde betrokkenheid van ‘n personeellid.”

Die ministerie se werknemers is van uiterste belang vir die beskerming en volhoubare gebruik van Namibië se wildlewebronne tot voordeel van bestaande en toekomstige burgers, het hy gesê.

“Ons doen ‘n beroep dat die reg sy loop sal neem en dat geregtigheid in die geval sal geskied.”

#RepNuus